HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS

Marais Park

Die Maraispark, aan die bo-end van Victoriastraat, sou seker 'n weliger aanblik bied as dit op die vrugbare laagterras gelê het. Nou kan dit moeilik iets anders wees as 'n soort natuurpark. Ook as sodanig egter is dit van groot waarde, omdat die oorspronklike plantegroei van Stellenbosch se omgewing hier 'n laaste kans kry om hom te handhaaf.

As ons die uitheernse denne en bloekoms wegdink, gee die park ons in ons verbeelding 'n voorstelling hoe die veld by Stellenbosch gelyk het voor huise en tuine, strate, sportvelde en boomplantasies die oorspronklike plante verdring het. Bowendien is die park ook as wandelplek 'n waardevolle besit vir die dorp. Die neiging van plaaseienaars om orals hul grond te omhein met doringdraad en sodoende die toegang te versper tot ons mees geliefde wandelpaadjies, beteken 'n voortdurende vermindering van ons bewegingsvryheid. Elke geleentheid om vry van die natuur te geniet behoort sorvuldig bewaar en beskerm te word.

Uittreksel uit Stellenbosch 1679-1929
Historiese oorsig van die Hoër Onderwys op Stellenbosch
Prof W Blommaert